

IN MEMORIAM

DR. F. J. DU TOIT

*Die geloof aan die herrysenis van die liggaam na die dood en die ewige voortbestaan van liggaam en siel is vir die Christen 'n unieke troos. Maar hier op aarde reeds is die herinnering aan 'n groot man die grondslag van die voortbestaan van sy daad en selfs sy hoogste strewens. So sal dr. F. J. du Toit, in lewe kanselier van die P.U. vir C.H.O. en 'n ekonomiese leier van die Suid-Afrikaanse volk, nog voortleef in die kringe waarin hy uitmuntende prestasies behaal het.*

*Dit is egter sy geskrewe woorde in verskeie nommers van „Koers” wat hulle funksie as draers van die denker se gees tot in die verre toekoms sal behou. Wie soek na die persoonlikheid, die belangstelling, die volksliefde, die onkreukbare trou aan die saak van die Christelike hoër onderwys van dr. Frans du Toit, sal dit sprekend vind uit elke artikel. Interessante beskouings en verrassende vergesigte kom die leser teë uit sy gepubliseerde toesprake, soms met profetiese aanslag.*

*Vir die bedroefdes sal hierdie geskrewe getuienis van die groot omvang van sy belangstelling en sy lewenserns getint met humor steeds 'n salf op die oop wonde wees. Die redaksie van „Koers” betuig sy innige meegevoel en bied as troos aan hierdie gedagte: dr. F. J. du Toit leef onteenseglik in sy daad, in die herinnering en in sy geskrewe woorde.*

*P.U. vir C.H.O.*

*W. N. Coetzee.*